

**GRAAD 11 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL  
WERKKAART 3**

Naam & Van: \_\_\_\_\_ Gr11. \_\_\_\_\_

**Vraag 1: Leesbegrip**

Lees die volgende artikel en beantwoord dan die vrae.

**Gevaar: Sonbrand**

Daar is niks aakliker as om ná 'n lekker dag in die natuur by die huis te kom met 'n vuurwarm sonbrand nie. Om soos 'n slang te vervel, is grillerig! Hier is alles wat jy oor jou vel, die son en sonbrand moet wees.

Jou vel is die grootste orgaan in jou liggaam. Dit bestaan uit drie hooflae: die epidermis bo, die dermis in die middel en die hipodermis heel onder. In die epidermis vorm daar gereeld nuwe selle. Hierdie selle vat omtrent twee weke tot 'n maand om na die bokant van jou vel te beweeg. Die nuwe selle vervang die ou selle namate hulle boontoe kom. Juis daarom moet jy jou vel mooi oppas en sonbrand vermy, want anders kan die laag wat selle vervaardig, beskadig word.

Dit is nie die son se hitte (die infrarooistrale) wat jou vel brand nie, maar die ultraviolet bestraling in die sonstrale. Die son stuur ligstrale na die aarde. Dié ligstrale bevat ultraviolet-strale, oftewel UV-strale. Sommige strale dring deur die wolke, weerkaats teen geboue of die aardoppervlak, en ander dring jou vel binne. Wanneer jou vel aan te veel UV-strale blootgestel word, sal jy sonbrand kry.

Sommige mense brand vinniger as ander. As jy blond en wit is, sal jy makliker as 'n persoon met 'n donker vel en oë brand. Dis omdat jy minder melanien in jou vel het. Melanien is 'n chemiese stof in die vel wat dit teen die son beskerm. Dit absorbeer die UV-strale. Mense met 'n donkerder vel het meer melanien, maar dit beteken nie hulle sal nie brand nie. Dit gaan net langer duur voor hulle brand.

Sonbrand is 'n intense reaksie van die molekules in jou vel wat vergiftig word deur die bestraling van die son. Dit kan die molekules in jou velselle en DNS beskadig. DNS is die boodskappers in jou selle wat jou uniek maak en vir jou liggaam sê hoe om te groei en te werk. Dis soos die kode in 'n rekenaarprogram wat dit laat werk. DNS word beskadig wanneer die UV-strale van die son veroorsaak dat jou DNS-kode breek of “deurmekaar raak”.

As jy gebrand het, vervaardig jou vel proteïene en ensieme wat jou bloedvaatjies laat uitsit. Dit is hoekom jou vel rooi, seer en geswel is. Jou vel voel warm omdat daar meer bloedvloei in die gebrande deel is.

*(Huisgenoot, 22 Maart 2012.)*

**Vrae:**

- 1 Wat vind die skrywer van hierdie artikel baie grillerig? (1)
- 2 Verduidelik wat sonbrand presies aan die vel se lae doen. (2)

- 3 Hoe warmer die son is, hoe makliker brand jy.  
 a Is hierdie stelling waar of onwaar? (1)  
 b Motiveer jou antwoord in 3a. (1)
- 4 Wat is die funksie van melanien in jou vel? (1)
- 5 Verduidelik hoekom 'n donkerder vel nie so maklik brand nie. (1)
- 6 Wat is 'n definisie vir sonbrand volgens paragraaf 5? (1)
- 7 Noem twee dinge wat sonbrand beskadig. (2)
- 8 Noem twee funksies van DNS. (2)
- 9 Waarmee word DNS vergelyk? (1)
- 10 Jou DNS-kode raak deurmekaar.  
 a Word hierdie sin denotatief of konnotatief gebruik? (1)  
 b Motiveer jou antwoord in 10a. (1)
- (15)**

## Vraag 2: Opsomming

- Skryf sewe tekens wat daarop dui dat jy verlief is, neer.
- Elke antwoord moet in 'n volsin wees.
- Jou opsomming mag nie meer as 70 woorde wees nie. **(10)**

### Tekens wat wys jy's dolverlief

Kom jy dalk agter dat jy snaaks of anders optree? Jy doen dinge wat jy nooit voorheen sou oorweeg het nie en jy dink aan snaakse goed. Die kans is goed dat jy dalk jou hart verloor het. Met ander woorde, jy is dalk dolverlief!

Jy weet jy moet betyds by jou klasse uitkom, want die onderwysers straf leerders wat net een minuut laat is. Maar as hy by is, stap jy sommer baie stadig en dink nie eens aan die moontlike straf nie. Die klas kan mos wag... Aan die einde van Wiskunde smeer jy 'n ekstra lagie lipglans aan jou lippe, want hierna is Afrikaans – saam met hom. En pouses gaan kyk jy in die badkamer of jou hare oukei lyk, net ingeval jy hom raakloop.

Jy hou absoluut niks van Nicki Minaj se liedjies nie, maar jou iPod is propvol liedjies van haar. Hoekom? Sy is sy gunstelingsanger! Gewoonlik vind jy flou grappies baie irriterend en vervelig, maar jy lag vir al sy grappies, selfs dié wat flouer as saalperiode is. Alles wat hy sê, is absoluut skreeusnaaks.

Ai, wat sou jy sonder facebook gedoen het?! Jy gaan loer minstens twaalf keer per dag op sy facebook-blad net om te sien wat in sy lewe aangaan. Of is dit dalk vyftien keer? En as julle oor die telefoon praat? Wanneer die gesprek einde se kant toe staan, dink jy hard aan iets anders om te sê sodat julle nog 'n rukkie kan gesels.

Hy staar na jou en jy sien dit raak. Dan staar jy na hom en hy sien dit raak. Hy staar terug. Jy ook. En dan, wel jy weet, staar julle na mekaar... Ja, dis die tekens van erge verliefdheid!

(Huisgenoot, 8 Maart 2012.)

### Vraag 3: Taal

Lees die volgende artikel en beantwoord dan die vrae.

#### **EK HET DIT NIE GEWEET NIE!**

- \* Die mens se hart pomp hard genoeg om bloed 9 meter ver te spuit.
- \* (5) Meeste mense se vel weeg twee keer meer as hulle brein.
- \* 'n Mens verloor ongeveer 18 kilogram vel in jou lewe. Dis 72 blokke botter van 250 gram elk.
- \* Die deursneemens sal twee weke van sy leeftyd gebruik om iemand te soen.
- \* Jy hou dalk nie van koffie nie, maar die deursneemens drink 9 000 koppies koffie in hulle lewe.
- \* En raai wat? Eendag wanneer jy oud is, sou jy altesaam 'n volle drie jaar op die toilet gesit het!

(Huisgenoot, 8 Maart 2012.)

#### **Vrae:**

- 1 Gee die korrekte afkorting van die vetgedrukte woord.  
'n Mens verloor ongeveer 18 **kilogram** vel in jou lewe. (1)
- 2 Gebruik die vetgedrukte woord in 'n sin sodat dit 'n ander betekenis het as hieronder.  
Jou vel weeg twee **keer** meer as jou brein. (1)
- 3 Skryf die volgende sin in die lydende vorm.  
Die deursneemens sal twee weke van sy leeftyd gebruik om iemand te soen. (1)
- 4 Gee die meervoud van die vetgedrukte woord.  
Die deursneemens drink 9 000 koppies koffie in hulle **lewe**. (1)
- 5 Korrigeer die taalfout in die volgende sin.  
Meeste mense se vel weeg twee keer meer as hulle brein. (1)
- 6 Gee die verkleinwoord van die vetgedrukte woord.  
'n Mens gee baie **soene**. (1)
- 7 Skryf die vetgedrukte getal in woorde.  
Dis **72** blokke botter van 250 gram elk. (1)
- 8 Gee die infinitief van die volgende sin.  
'n Mens drink 9 000 koppies koffie in sy lewe. (1)  
Begin so: 'n Mens behoort...
- 9 Verbind die twee sinne met die voegwoord tussen hakies.  
Jou hart pomp baie hard. Bloed sal 9 meter ver spuit. (gevolglik) (1)

- 10 Skryf die volgende sin oor in die toekomstige tyd.  
’n Mens verloor ongeveer 18 kilogram vel in jou lewe. (1)
- 11 Verander die stelsin in ’n vraagsin. Die vetgedrukte woorde is die antwoord.  
’n Mens bestee **drie jaar van jou lewe** op die toilet. (1)
- 12 Skryf die sin in die indirekte rede.  
Thandi sê: “Ek het vandag baie dinge geleer.” (3)
- 13 Gebruik die homofoon van die vetgedrukte woord in ’n verklarende sin.  
Jou vel weeg twee keer meer as jou **brein**. (1)
- (15)